Die Afrikaner
Sedert 1970
R10
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898 Nr 2154 12 Februarie 2021

Weerstand teen onteieningswet, parlement verander taktiek

Sowat 92% van die insette wat die parlement se portefeuljekomitee oor openbare werke en infrastruktuur ontvang het oor die omstrede nuwe onteieningswetsontwerp, was nie ten gunste daarvan nie.

Aanvanklik kon voorleggings gemaak word tot 10 Februarie 2021, maar nadat dié komitee tot sy skok uitgevind het dat die meerderheid voorleggings negatief is oor die voorgestelde wet, is die datum inderhaas uitgestel tot die einde van Februarie. Waarskynlik gaan die ANC, EFF en ander pro-onteieningsgroepe hierdie tyd poog om gunstige voorleggings in te dien.

Intussen het die portfeuljekomitee reeds begin om van die voorleggings te diskrediteer en voorbrand te maak dat nie al die voorleggings gebruik gaan word nie. Hulle voer aan dat van die voorleggings gekanaliseer is deur organisasies, soos TLU SA, die Instituut vir Rasseverhoudinge en ander. Hulle wil nou nog besluit “hoe hierdie insette beskou moet word omdat mense ‘n enkele narratief deur groot organisasies verskaf”.

Die voorsitter van die komitee, ene Nolitha Ntobongwana, sê die teenkanting moet met ‘n knippie sout geneem word en dat meer diverse beskouings nodig sou wees. Duidelik is die sogenaamde openbare deelnameproses een groot klug, want as die uitkoms nie na die regering se sin is nie, word ander prosesse en metodes in werking gestel om dit in hulle guns te swaai.

Verskeie organisasies het gewaarsku dat die nuwe onteieningswet, wat diefstal van eiendom kan wettig omdat geen vergoeding betaalbaar hoef te wees nie, nie net van toepassing op landbougrond gaan wees nie, maar dat alle eiendom in die gedrang kan kom en deur dié wet net gevat kan word.

TLU SA het in sy amptelike voorlegging voorgestel dat die voorgestelde wet herskryf moet word, sodat onteiening van eiendom slegs kan plaasvind wanneer dit benodig word vir die ontwikkeling van infrastruktuur, en dan slegs teen markverwante pryse en vir die openbare doel.

“Hierdie wetswysiging is waarskynlik die mees kortsigtige stuk wetgewing wat al ooit ter tafel gelê is,” sê mnr. Henry Geldenhuys, die president van TLU SA. “Dit kanselleer enige moontlikheid om Suid-Afrika se ekonomie te herstel. Die regering moet markkragte respekteer en eiendomsreg erken as die fondasie vir ekonomiese groei.”

TLU SA se kommentaar beklemtoon dat die vae bewoording van die wetswysiging die baan weg vir die regering om enige eiendom onder die voorwendsel van openbare belang sonder vergoeding te onteien.

“Wetgewing moet daarvoor voorsiening maak dat grond vir infrastruktuurontwikkeling – wat dan in openbare belang is – onteien kan word,” sê mnr. Geldenhuys. “Maar die bestaande eienaar moet dan in so ‘n mate vergoed word dat hulle die bestaande besigheid net in ‘n ander omgewing voort kan sit. Wanneer openbare belang so wyd en vaag soos in hierdie voorgestelde wysiging beskryf word, kan pensioene, huise en beleggings ook sonder enige vergoeding afgeneem word.

Die publiek kan dus nog tot die einde van Februarie kommentaar lewer. TLU SA het ‘n platform geskep waar mense oor die wet kan kommentaar lewer, en daardie kommentaar sal ook deel van TLU SA se mondelinge voorlegging aan die parlement vorm.

“Dit is van uiterste belang dat die publiek hulle teenkanting hieroor uitspreek deur deel te neem aan die proses van kommentaar,” sê mnr. Geldenhuys. “Die Onteieningswet is net die begin.”

**Die platform is beskikbaar by hierdie skakel:
https://www.tlu.co.za/onteieningswet/

Die Redakteur

Onbekwaamheid verstom wéér

Telkens as mens dink dat die ANC bewind sy laagtepunt bereik het, kry hy dit sowaar reg om nog ‘n verdere laagtepunt te bereik.

Ons het in die vorige uitgawe nog skaars behoorlik oor die entstofskandaal berig, toe word die skandaal nog groter, en indien die staatshoof kon bloos sou hy seker al bloedrooi van skaamte moes gewees het.

Uiteindelik kom die AstraZeneca-entstof uit Indië in Johannesburg aan. Die staatshoof gaan self met ‘n groot geselskap lughawe toe om die pakkie in ontvangs te neem, natuurlik ten aanskoue van die media. Hy het nou Covid verslaan.

Maar skaars ‘n week later word dit duidelik dat die entstof nie reg is vir Suid-Afrika nie. Die suksessyfer is maar sowat 25%, omdat dit sogenaamd nie die Suid-Afrikaanse variant van Corona kan keer nie. Dus is al die moeite verniet gedoen en is die besending onbruikbaar. As kersie op daardie platgevalde koek kom dit aan die lig dat daardie entstof reeds in April verval!

“Gelukkig” sê hulle minister van gesondheid dat die entstof omgeruil kan word vir die ander produk wat by Johnson en Johnson verkry gaan word, “dus is daar geen geldelike verliese nie”, voeg hy by. Sowaar! Vervoer die lugrederye daardie miljoene dosisse entstof sommer verniet en vir die liefde van die saak? En so word ons maar weer aan die neus gelei.

Eintlik word ons blatant belieg. Switserland het reeds die AstraZeneca-entstof totaal verbied, en dit is nie omdat hulle met die Suid-Afrikaanse variant van Covid te doen het nie. Die entstof is weliswaar in Oxford, Engeland, ontwikkel, maar die kommersiële vervaardiging vind in Indië plaas. Dis waarskynlik waar die probleem lê.

Ander Europese lande het ook snuf in die neus gekry en Frankryk, Duitsland, Italië, Swede en Pole het die entstof ongeskik verklaar vir mense in sekere ouderdomsgroepe, veral dié bo 56 jaar. Ook in België is die entstof onder verdenking en sal nie aan mense bo 55 jaar toegedien word nie. Bowendien kry AstraZeneca dit nie reg om die bestelde dosisse te lewer nie.

Intussen het Suid-Afrikaanse generaals skynbaar al etlike maande gelede een of ander entstof uit Kuba ingevoer onder die hoogste geheimhouding. Hulle het gesê hulle maak wat hulle wil, want die regering se regulasies is nie op hulle van toepassing nie. Maar net toe hulle dink hulle is onaantasbaar met hulle houding, kom dit uit dat ‘n groot hoeveelheid van dié entstof vernietig moes word, want iemand het vergeet om die koelkamer se deur toe te maak, en toe bederf dit. Nog geld wat gemors is.

In Amerika is reeds 458 mense einde Januarie dood nadat hulle teen Covid geënt is. Nog 382 was op daardie stadium in ‘n lewensbedreigende toestand, 1077 was in die hospitaal en noodgevalle was 2439. Dit was ‘n styging van 60% volgens die Centre for Disease Control and Prevention.

Elders in hierdie uitgawe word berig oor hoe Angela Merkel van Duitsland medici misbruik het om die bevolking histeries oor Covid te maak om haar onredelike inperkings makliker aanvaar te kry. Gelukkig het die Duitse “hoofstroommedia” dit uitgesnuffel, maar steeds is daar pogings om enige moontlike standpunt wat bots met wat die wêreldleiers opdis, die swye op te lê. Facebook het al met sensuur begin, Twitter het al met sensuur begin en YouTube doen nou dieselfde.

As getroue na-apers van die buitewêreld sal ‘n vorm van sensuur ook binnekort in Suid-Afrika ingestel word, want kritiek is nie welkom nie in ‘n ondemokratiese demokrasie. Intussen word egter met menselewens gespeel as gevolg van absolute onbevoegdheid. Maar daar word steeds versekerings gegee dat die Nasionale Gesondheidsversekering moet voortgaan. Dit gaan rampspoedig wees onder hierdie onbekwame bewindhebbers en gaan nog meer menselewens kos.

As hulle met hul eie mense se lewens wil dobbel is dit seker hulle saak, maar dit word al hoe duideliker dat ons as Afrikaners nie langer in hierdie bestel durf bly nie, al sou dit dan net om gesondheidsredes wees.

HNP se landposadres

Posbus 18826,
Pretoria-Noord, 0116

So is ons verraai (35)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (25)

Die 1990's breek aan: die ANC ontban en die bloed vloei

Met die aanbreek van die 1990's is 'n aantal van die "oorlewingswonders" wat Suid-Afrika sedert 1987 staande gehou het, oorboord gegooi. Ten spyte van sy militêre sukses op die "grens" en in die Angolese burgeroorlog, het Suid-Afrika teen die einde van 1988 ingestem om sy troepe uit Angola te onttrek en om sy administrasie van Suidwes-Afrika te beëindig. Die voorwaardes van die onttrekking van sy troepe was sodanig dat die hele gebied (nou bekend as "Namibië") en sy blanke bevolking spoedig aan 'n swart meerderheidsregering onderwerp sou word — presies dit waarvoor SWAPO sedert 1966 geveg het, maar nooit op die slagveld kon bereik nie. Alle hulp aan UNITA sou ook gestaak word, en Angola aan die onbetwiste mag van die MPLA oorlaat. Baie mense het die voor-die-handliggende (en steeds onbeantwoorde) vrae gevra: wat was die sin van Suid-Afrika se dertien jaar lange betrokkenheid in hierdie konflik wat miljarde rande gekos het? Nog erger: wat was die sin en doel daarvan om die bloed van duisende soldate op te offer?

Kort nadat hy president geword het, het FW de Klerk ook die Nasionale Veiligheidbestuurstelsel van sy voorganger geskrap. Hierdie stap sou in die jare wat sou volg tot baie bloedvergieting lei, veral in die lig van sy volgende skuif, want op 2 Februarie 1990 maak hy vir die eerste keer in die openbaar bekend wie die leiers van die swart gemeenskap is met wie hy onderhandelings vir die "nuwe Suid-Afrika" sou voer. Tot verstomming van die wêreld, insluitend sy eie partykoukus en die kiesers wat hom beswaarlik vier maande tevore aan bewind geplaas het, ontban hy ook die ANC, die SA Kommunistiese Party en ander ondergrondse organisasies sonder dat een van hulle geweld afgesweer het. Terselfdertyd word Nelson Mandela en ander leiers wat vir die beplanning en uitvoering van terrorisme tronkstraf uitgedien het, onvoorwaardelik uit die gevangenis vrygelaat.

Die NP het onmiddellik voortgegaan om een stuk "apartheid-wetgewing" na die ander van die wetboek te skrap, waarop 'n ongekende bloedbad gevolg het: meer as 20 000 ANC-kaders — wat nie meer nodig gehad het om van surrogaat organisasies gebruik te maak nie — het met hulle AK47's, kleefmyne en handgranate triomfantelik na Suid-Afrika teruggekeer en op 'n weergalose skaal onder die swart gemeenskappe gemoor en geïntimideer, ten einde hulle voorsprong in die swart politiek te verseker (*Mzimela: 47*). Mandela se volgehoue druk op die regering het verseker dat hierdie "bannelinge" se geledere gedurende die volgende twee jaar met 57 000 moordenaars en ander "politieke gevangenes" wat uit Suid-Afrikaanse tronke vrygelaat is, versterk is (*Jonker: 194; Rapport, 27 September 1992*).

Nadat die ANC die mag in 1994 oorgeneem het, het die Waarheid en Versoeningskommissie (WVK) — saamgestel uit kommissarisse wat in daardie stadium die ANC ondersteun het — bevind dat:

i. Hoewel die gewelddadige konflik wat die land gedurende die ná-1990 tydperk verteer het, nie deur die ANC geïnisieer is nie, moet die ANC nietemin aanspreeklik gehou word vir die honderde mense wat deur sy lede in die konflik gedood en beseer is (*although "the violent conflict which consumed the country in the post-1990 period was not initiated by it, the ANC must none the less account for the many hundreds of people killed or injured by its members in the conflict"*).

ii. Die vermoordes het politieke teenstanders (lede van die IVP, PAC, en AZAPO) sowel as lede van die Suid-Afrikaanse Polisie, ingesluit.

iii. Die ANC se skepping van sogenaamde self-verdedigingseenhede (*Self Defence Units, ofte wel SDU's*) het bygedra tot 'n spiraal van geweld in die land.

iv. Die UDF (frontorganisasie van die ANC), het doodslag gepleeg, dikwels deur halssnoermoorde, vernietiging van eiendom en gewelddadige afdwinging van massa-optrede (*"committed killings, often by 'necklacing', destruction of property and violent enforcement" of mass action*) (*TRC FinalReport Vol. 5: 242-246*).

(Vervolg op bladsy 10)

Buiteland

Angela Merkel beskuldig van Covid-manipulasie

Angela Merkel

In Duitsland het 'n bom gebars rondom dié land se politieke leier, kanselier Angela Merkel se regering, en die opposisie eis nou antwoorde by haar.

Die koerant, *Welt am Sonntag*, het op amptelike dokumente afgekom waaruit dit blyk dat Merkel se ministerie van Binnelandse Sake reeds in Maart 2020 vir wetenskaplikes gevra het om die slegste denkbare prentjie te skets oor die verspreiding van die Corona-virus. Hulle moes die algehele inperking goedpraat en die angs by die publiek vergroot. Die betrokke minister Seehofer was bang dat die publiek te vinnig die inperking sou afkeur en teenstaan.

Verskillende universiteite en wetenskaplike institute het van die departement e-posse ontvang om hulle te vra om die grootste moontlike probleem-situasies voor te stel. Sommige van die institute het voorgestel dat nog meer dramatiese scenario's by die sterftesyfer gevoeg moes word. Daardie scenario's sou soveel as dubbel die amptelike sterfte-syfers van die Robert Koch Instituut, die amptelike regeringsinstelling, wees.

Opposisiepartye eis nou om alle e-posse te sien oor die moontlike beïnvloeding van onafhanklike wetenskaplikes. Een van die parlementslede, Konstantin Kuhle van die liberale FDP opposisie, sê sodra die indruk geskep word dat wetenskaplike bevindings deur die politici bestel word om hulle eie optredes te regverdig, word nie slegs die onafhanklike wetenskap onder verdenking geplaas nie, maar alle feite wat op die bestryding van die pandemie gebaseer word.

Die ondervoorsitter van die parlement, Wolfgang Kubicki, het die gedrag van die regering en Angela Merkel vergelyk met dié van outoritêre state. "Wie die bevolking bang maak om politieke maatreëls deur te druk, is besig om die byl in te lê in ons demokrasie." Hy sê dis nou nie meer daaroor om mondige burgers politieke besluite, wat op feite gebaseer is, te verduidelik nie.

Politieke waarnemers sê dat as dit die werkswyse was in 'n beskaafde land soos Duitsland, selfs erger dinge in ander lande kon gebeur het, en plaas dit sogenaamde "samesweringsteorieë" in 'n ander lig waar daar waarskynlik 'n vuurtjie onder die rokie brand.

Die Afrikaner

As gevolg van Swart bevoordeling in die ekonomie, verloor Witmense deurlopend hulle werk of bestaande kontrakte. Diesulkes moet 'n manier kry om die pot aan die kook te hou.

Kom ons as blanke sakemanne vat hande en ondersteun mekaar: ek help jou en jy help my.

Hoe doen ons dit?

Vir slegs R300 per maand is ons bereid om u sake-onderneming te adverteer.
U stel self die advertensie in Afrikaans op (10cm X 6cm) en stuur dit aan
admin@hnp.org.za

Ons plaas u advertensie

1. in elke uitgawe van ***Die Afrikaner***,
2. een maal per week op ***Die Afrikaner*** se Facebook-blad, en
3. stuur dit een maal per week per e-pos aan 'n lys van mense met e-adresse. (Die lys het tans ruim meer as 1000 adresse en groei deurlopend.)
4. Teken u op ***Die Afrikaner*** in om elke uitgawe van die blad te ontvang (per landpos of e-pos: u keuse) vir solank as wat u adverteer.

Afrikaners help mekaar!
Is u bereid om deel van dié te word?

Skakel gerus met Juanita by
admin@hnp.org.za

Ons Volksbestemming

Andries Breytenbach

In die slotparagrawe van sy boek, *Die Afrikaners,* skryf prof. Hermann Giliomee:

"Die Afrikaners in die nuwe, inklusiewe demokrasie sing nie meer, soos die Afrikaanse jeug van die 1950's, van die magtige dreuning van 'n volk wat ontwaak nie. Die volk het ontwaak en die meeste van sy redelike doelstellings verwesenlik. Die Afrikaners is nou oorwegend 'n wetsgehoorsame, godsdienstige en pragmatiese gemeenskap wat saam met al die ander mense in die land vryheid van spraak en ander individuele regte geniet. Hulle praat nie langer van hulself as aparte volk met 'n spesiale roeping en lotsbestemming nie. Hulle is Afrikaners en Suid-Afrikaners met die plig om nie net na eiebelang of groepsbelange om te sien nie, maar om te help om die uitdagings in die samelewing die hoof te bied."

Só lui die epitaaf en spotwoord van 'n liberale Kaapse professor op die eeuelange strewe en stryd van die Boerevolk om eie volkskap en vryheid; 'n grafskrif deur iemand wat skynbaar God se handelinge met ons volk net so groot maak soos die afmetings van sy verstandelike begripsvermoë — intelligent en groot volgens menslike maatstawwe — maar die woord van die almagtige God buite rekening laat wat sê: "my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE".

Want téénoor hierdie interpretasie van die huidige situasie sou ons volk nou uiteindelik ons finale bestemming bereik het, is daar die gees van Kruger wat roep: "Dit is waar: veel van wat opgebou was, is tans vernietig, verniel, gevalle. Dog met eenheid van sin en eenheid van kragte kan weer opgerig word wat tans terneergevalle lê."

As geloofsheld wat nooit sy toekomsvisie vir die Afrikanervolk verloor het nie, skryf pres. Kruger op 9 Junie 1903 aan sy voormalige ampsgenoot en mev. Steyn:

"...Al is ons ontroof van ons vlae en ons dierbare Republieke, het ons tog 'n Vader in die hemel tot wie ons kan bid en wat sekerlik sy oor sal neig tot ons geroep om uitkoms en verlossing.

"En watter troos is dit vir ons om te weet dat Sy kastyding slegs 'n loutering is, en dat ons in die hoop kan lewe dat verlossing sal kom en dat die Heer uitkoms sal gee op sy tyd. Wanneer dit kom, sal die blydskap des te groter wees, na al die lyding."

Ek vra my dikwels af: hoekom word aanvaar dat ander volke vryheid en volkskap in hul eie vaderlande geniet, maar in die denke van liberale Afrikaners is dit vir óns, die Afrikanervolk, totaal buite die kwessie. Dit was dié uitgangspunt van FW de Klerk en sy regering, wat as't ware met 'n self toegeëiende soort goddelike alwetendheid besluit het dat die Afrikaner nooit die voorreg van 'n eie vaderland sal hê nie, wat vir sy verraderlike gees die regverdiging verskaf het om ons met sy "nuwe Suid-Afrika" tot ewige bywonerskap te verdoem.

Wee ons volk as mense soos Giliomee en De Klerk se beskouings die laaste woord oor die Afrikaner — die Boerevolk — en ons lotgevalle moet wees! Dit was dan juis die geloof in 'n Godgewilde roeping en lotsbestemming wat ons deur die diepste beproewinge en louteringe gedra en besiel het om voort te beur op die pad na volledige volkskap en vryheid. As vrug van dié geloof het ons voorouers 'n gelofte afgelê wat ons steeds onderhou.

Mense wat meen dat ons volk "gearriveer" het, ons bestemming soos hierbo aangehaal, bereik het, moet weet: **Dit was *nooit* ons ideaal om 'n krimpende "gemeenskappie" met "individuele regte" (= die goddelose "menseregte") binne 'n groter nasie van vreemde aard, godsdiens en kultuur te wees nie.** (Tereg het mnr. Jaap Marais vir De Klerk gewaarsku dat "daar nie 'n resep (is) wat met meer sekerheid die totale verwildering, verval en vernietiging van die Afrikanervolk kan bewerk" as juis dít nie). Inteendeel; die Groot Trek wat die binneland van Suid-Afrika oopgestel het vir die beskawing, **was 'n trek wég van só 'n bestemming**, waarvan die Voortrekkers ervaring onder die Engelse bewind gehad het. Die Trek, en ons hele geskiedenis daarna, het ten doel gehad om 'n ***eie vaderland*** te verwerf waar ons as ***vrye volk*** ons volledig sou kon verwesenlik en in goeie ***buurskap*** en harmonie met ander volke hier en anderkant die oseane sou kon saamleef. So sou ons ook in die volkerewêreld die lig van God se koninkryk kon uitstraal.

Dit het ons bereik, en as 'n vrye, soewereine volk het ons 'n oneindig groter bydrae gelewer om probleme in die samelewing die hoof te bied as vanuit die bywonersposisie wat ons in die huidige "nuwe inklusiewe demokrasie"(sic) beklee — 'n "inklusiewe" bedeling waar ons op bykans elke terrein (behalwe as belastingbydraers) *uitgesluit* word, en 'n

(Vervolg op bladsy 6)

Van bladsy 5)

"demokrasie" waarin ons geen politieke invloed het nie en eenvoudig deur die steeds groeiende getalle van die volksvreemde veroweraars oordonder word.

In teenstelling met die Afrikaner se "plig" soos deur prof. Giliomee en sy liberale genote aan ons opgelê, lê die geskiedenis soos vasgelê in die geloof, stryd en bloed van ons voorgeslagte, aan ons 'n ander plig en verantwoordelikheid op, en dit is om voort te trek na die ideaal wat van ons 'n volk gemaak het.

Elders in hierdie uitgawe word beskryf hoe ons volk aan 'n bende misdadigers uitgelewer is (sien *So is ons verraai*). Hoe mense kan dink dat ons deur deelname aan 'n politieke bestel wat berekend geskep is om ons te onderwerp en te vernietig, weer ons vryheid en lewe as volk kan herwin, gaan my verstand te bowe. Daarom is dit ons oortuiging — soos meermale reeds gestel — dat ons ons so ver as moontlik aan hierdie bedeling moet onttrek en vir ons volk 'n eie verteenwoordigende liggaam of liggame daar moet stel wat binne die perke van wat die wet ons toelaat, na ons eie belange kan omsien. In dié verband kan ons gerus die belofte in God se woord met groter erns bejeën en doen wat daar staan: "Gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige." (2 Kor. 6:17-18, asook die voorafgaande verse 14-16).

Oor praktiese kwessies soos befondsing, die samestelling en grootte van so 'n liggaam of liggame, watter magte hulle kan beklee, en dies meer, kan en moet ons onder mekaar debat voer en uiteindelik tot eenstemmigheid en uitvoerbare besluite kom. Daarvoor is ons tog met voldoende gesonde verstand bedeel. Voorbeelde van wat al bereik is sonder — en dalk selfs ten spyte van — die parlement se betrokkenheid, bestaan, en is sigbare getuienis van wat deur onsself gedoen kan word.

Daar word gedurig aangedring dat die "leiers" "iets" moet doen om die Afrikaner weer op die "kaart te plaas". Dié aandrang spruit uit 'n frustrasie met die heersende toestand en dit is 'n frustrasie wat die "leiers" ook deel, en die frustrasie spruit uit die belewenis van ons politieke magteloosheid in die hooggeroemde "demokrasie". Niemand beskryf die "iets" nie, omdat hulle self nie weet wat gedoen kan word nie of uit vrees dat hulle dalk aangekla kan word vir aanhitsing tot geweld of wetsverbreking. Min mense het nog geloof in optogte, demonstrasies en petisies omdat die owerhede hulle in elk geval nie daaraan steur nie; hulle hoef ook nie, want hulle is die meerderheid en hulle het die mag.

Wat kan polities en bínne die wet méér dramaties wees, sterker weerstand demonstreer en groter propagandawaarde bied as wanneer die Afrikanerverteenwoordigers in die parlement soos een man sou opstaan, aankondig dat hulle hulle nou finaal aan hierdie klug van 'n "demokrasie" en sy strukture onttrek en daar uitstap om nie weer terug te keer nie? Wie in die wêreld sal dan nog glo in die "wonder" van die Suid-Afrikaanse "demokrasie"?

En dan? Dan verenig ons kragte om ons eie strukture te versterk en waar nodig, nuwes te skep.

Het u al vir 'n oomblik gedink hoeveel breinkrag, kennis, bestuursvernuf en ervaring op bykans elke denkbare terrein van die lewe in die geledere van ons volk beskikbaar is maar weens ons uitsluiting uit die ekonomie "in reserwe" verkeer? As al daardie talent weer geaktiveer en onder behoorlike bestuur ontsluit kan word, sal dit van ons 'n magtige faktor in hierdie land maak wat nie geïgnoreer of gestuit kan word nie, allermins deur hierdie lamlendige regering. Maar daar is 'n wil en bereidheid nodig om self te onderneem, nie langer verwagtinge van die bestaande politieke strukture van die staat te koester en daaraan deel te neem nie. As volksgenote moet ons laer trek; dan kan ons weer, met die oog op God gerig, voluit werk aan 'n toekoms ter bereiking van die ideaal van 'n eie, vrye volksrepubliek vir die Afrikaner, ofte wel die Boerevolk.

HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 7234, Pretoria, 0001
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
hutten.buchdienst@gmail.com
012 807 0434

WERDA GASTEHUIS
Upington akkommodasie

Perfek vir 'n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, 'n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van ***Die Afrikaner.***

082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za

Die Afrikaner is bevoorreg om Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan terug hê.

Alet Murray het hierdie briewe van ‘n heelwat jonger Lettie aan ‘n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans ingeperk sit in ‘n ouetehuis..

Liewe Sus Katrien,

Verskoon tog, Ousus, dat ek so lanklaas van my laat hoor het. Die getrekkery aftree-oord toe was nogal 'n groter gedoente as wat ons verwag het.

Jy sal onthou hoe almal om ons ore kom torring het dat ons nou oud word en dat ons moet "kleiner gaan" en "afskaal" voordat dit te laat is. Niemand sê egter te laat waarvoor dit is nie. Uiteindelik kom daar toe so 'n mooi poppie van 'n agentjie aan, rol haar ogies vir Servaas en hy besluit summier dat sy die een is om ons te help "voordat dit te laat is".

En hier sit ons nou in 'n piepklein huisie, styf teen ander piepklein huisies en Servaas loop soos 'n verlore brakkie al om en om die plekkie. Ek het nogal verbasend gou aangepas, die kombuisie is gerieflik en ek het my lekker stoel op die stoepie sodat ek met my bene in die son kan sit en lees.

Vanoggend was alles rustig. Opgestaan, ontbyt gemaak, binne 'n ommesientjie alles netjies gekry en net op my stoel gaan nesskop toe ek 'n vreeslike kabaal buite hoor.

Weerskante van die straatjie staan Servaas en ons buurman Hendrik en gesels. Twee half dowe ou omies, gekniehalter en gemuilband vir die pes staan luid en runnik vir mekaar soos twee ou hingse.

Eers kom Mooi Malie se kop by haar venster uit. "Bly tog stil, julle laat my vetplante verlep!" gil sy. Toe klim die blikstem van die interkom ook in met iemand wat soos 'n Engelse lord met ‘n warm aartappel in die kies probeer praat. "Will the two gentlemense in Lane 6 please desits from destroying the peaces of the Oord."

Soos 'n bul wat 'n rooi lap gesien het, storm Servaas die huis binne, reguit na sy lessenaar. Ek dra koffie en koekies aan, maar Servaas bly siende blind en horende doof sit en kaarte teken op 'n stuk papier.

Ek weet sommer. Ek voel dit opkruip in my bene tot my rug styf trek. Servaas is besig om iets te beplan...

Om olie op die waters te gooi, kook ek maar sy geliefde lamsbredie met soetpatats en wag vir die Servaasplanne.

Ons sit aan tafel en hier kom dit. "Lettakie-vrou ek het 'n plan". My rug trek stywer. "Jy onthou daardie stukkie grond wat ons nog altyd verhuur anderkant Bosvarkpoort?"

Ek knik net. Hier kom vanaand 'n groter plan as gewoonlik. "Ek gaan daar vir ons en ons vriende 'n eie Volkstaat stig. 'n Volkstaat vir ons afgetredenes. Ek sê vir jou, as daardie vrou weer sê ek laat haar blomme verlep en daardie blikstem sê... ag, nou ja. Ons gaan ons eie Volkstaat stig. Saterdagmiddag gaan braai ons en al ons vriende daar 'n vleisie dan kan ons die ding goed beplan. Hier is die lysie, nooi jy hulle uit. Ek sal môre die vleis gaan koop."

Sus Katrien, jy kon my omslaan met 'n hoenderveer. Tog, hoe langer ek dink aan Servaas se plan, hoe meer begin ek opgewonde raak oor die idee. Dink net, 'n Volkstaat vir ons bejaardes! Wat kan beter wees?

Met groete aan ou Swaer

Jou liefhebbende
Sus Lettie

FW moet Prediker lees

Jacob Zuma gee die politici en regslui deesdae behoorlik sooibrand met sy uitdagende houding.

Die Zondo-kommissie na staatskaping, daardie instelling wat miljoene rande opslurp in sy bestaan van etlike jare sonder dat hy al een gesteelde sent kon terugkry, doen nou al lank sy bes om die oud-president, wat nie besondere bekendheid verwerf het vir sy telvermoë nie, voor hom te laat verskyn. Jacob is toe na al wat 'n hof is, in 'n poging om nie by sy eertydse vriend Zondo uit te kom nie, of om 'n saak te maak dat hy sy swygreg mag gebruik.

Uiteindelik het hy sy finale platneus gekry in die Grondwetlike Hof, wat gesê het ou Jacob moet maar sy skoene poleer, sy klere droogskoonmaker toe stuur en sy hare kam, want gaan moet hy gaan.

Zuma sê steeds hy gaan nie. Hy sien eerder kans vir die tronk. En natuurlik spring almal op die wa met kommentaar.

Een van die versteekte stukkies kommentaar wat **Sarel** raakgesien het, was van ene FW de Klerk. Ja, hy leef nog, maar die ouderdom haal hom duidelik in.

Hy het op sy FW de Klerk-stigting se konferensie gesê dat Zuma nie hiermee moet wegkom nie. Die oudprokureur wat jare gelede dié beroep gelos het om 'n groter gemors van die politiek te maak, onthou toe darem nog dat as Zuma gedagvaar word en hy verskyn nie, moet hy gearresteer word. Selfs 'n regsonkundige soos **Sarel** weet dit, en het geen konferensie van 'n politieke en juridiese vergetelheid nodig om dit te vertel nie. Maar hy wil nou vir Zuma laat opdok oor 'n paar sente, terwyl hy wat FW is, nog niks opgedok het vir 'n hele land wat hy vir die wolwe en uitbuiters gegooi het nie.

Maar interessant verder, kom hy op vir sy maatjie van dertig jaar. Hy het toe by Kodesa mos lekker die land weggegee aan Cyril Ramaphosa en sy spul, en nou sit die land met die gebakte pere, waarvan ou Zuma maar net 'n ou kleintjie is. Maar, seg FW, hy glo Ramaphosa is 'n redelike mens, hy is slim en bekwaam.

Dis hoekom **Sarel** glo dat FW werklik oud word. Cyril is dalk slim, alhoewel **Sarel** die woord slu sou verkies as gekyk word na hoe hy grond wettig wil steel, of hoe hy blankes se kos uit die mond neem met sy swart bevoordeling. Vra maar vir die kerke asook die tabak- en drankbedryf oor sy "bekwame" hantering van die inperkings, wat juis getuig van absolute onbekwaamheid, saam met sy onbekwaamheid om korrupsie en diefstal hok te slaan.

• *Die Prediker het al gesê daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Daar is 'n tyd om te praat en 'n tyd om stil te bly. Dalk moet FW weer daardie stukkie gaan oplees en daaraan gehoor gee...*

Nog Zuma sooibrand

So van ou Jacob Zuma gepraat, **Sarel** wonder werklik waarmee is hy regtig besig.

Skaars het hy homself aangebied as martelaar vir die tronk teen Zondo, word daar groot gewag gemaak van sy eertydse vyand, Julius Malema, wat by hom gaan tee drink.

Malema speel natuurlik die media soos 'n kitaar, met die gevolg dat alle media by Nkandla is om waar te neem hoe die opperbevelhebber van rooi pette met 'n helikopter daar opdaag. Dan gaan drink hy en Jacob tee, en dan vertrek hy weer per helikopter, sonder enige terugvoer oor wat hulle daarbinne bespreek het nie. Ja tog, hulle het gepraat oor sake van landsbelang.

Dis nie al vreemde vriend wat Zuma het nie. Hy het ook 'n afspraak gehad met die hoof aanstigter van die afbrand van universiteite, Bonginkosi Khanyile. Die knaap is na sy sogenaamde #FeesMustFall-veldtog, waartydens miljoene rande se skade by verskillende universiteite aangerig is, gevonnis tot drie jaar huisarres plus R5 000 boete of drie jaar tronkstraf. Hy het toe skynbaar die universiteitsfooie gebruik om sy boete te betaal en nou is hy tuis. Waar Jacob hom sou gaan besoek, maar die besoek is op die nippertjie uitgestel en sal later plaasvind.

• *Behalwe dat Cyril waarskynlik sy private helikopter plus die hele Nasionale Intelligensie inspan om te kyk wat Zuma beplan, slaap hy seker ook nie te lekker nie. Zuma het nog 'n appeltjie met Cyril te skil, nadat dié hom laat "herroep" het.* ***Sarel*** *weet nie wat ou Jacob beplan nie, maar beplan beplan hy iets, met mense wat weet van moles maak: as hulle nie die parlement tot stilstand skreeu en slaan nie, doen hulle dit met universiteite. Cyril kan maar bekommerd wees!*

SELFMOORD NIE ’n OPLOSSING NIE (2)

Dolf Buitendach

As daar na die bevolkingsamestelling sedert 1996 gekyk word is daar vele aanduidings wat die vermoede versterk dat verwikkelinge in die land sedert 1994 nie op ’n natuurlike wyse gebeur het nie, maar ’n strategiese proses is om die land te beheer. Daar word gebruik gemaak van die onbeheerste invloei van onwettige inkommers uit Afrika en die beplande verskuiwing van swartes.

Die aflaai van miljoene plakkers waar die bewind sy steun wou vergroot is reeds algemene kennis. Tydens apartheid was die gedwonge verskuiwing van mense wêreldwyd as ’n misdaad teen die mensdom gebrandmerk. Na 1994 is die gedwonge plakkerskampvestigings internasionaal met toe oë bekyk en aanvaar. Ook die Kaapprovinsie moet dit ontgeld; Kaapstad is lankal ’n teiken maar selfs ander dele van die Wes-Kaap loop deur. ’n Groot aantal plakkershutte is tans besig om by Touwsranten by George op te skiet. Die plakkers word vermoedelik per bus en taxi afgelaai. Hulle kom uit die Oos- Kaap.

Die twee grafieke van die bevolkingsamestelling in 1996 en 2011 wys duidelik waar die bewind sy mag wou uitbrei en in elke geval is dit waar daar beduidende getalle blankes is.

In die eerste grafiek kan gesien word dat die persentasie blankes en swartes in die Wes-Kaap in 1996 dieselfde was. Die tweede grafiek wys hoe die swartes hulle getalle uitgebrei het en reeds meer as die blankes is en probeer om by die Kleurlinge uit te kom.

In die Witwatersrand-Pretoria (nou genoem Gauteng) kan gesien word hoedat die gaping tussen blank en swart ten gunste van swart verskuif het. Die plakkerskampe het ’n groot “bydrae” gelewer. In die Noord-Kaap het daar ook ’n pro-swart verandering plaasgevind.

Die meegaande grafieke toon die verskuiwing in bevolkingsgroepe (die provinsiebenamings is soos deur die statistiek departement gebruik).

Daar kom toenemend berigte na vore van Afrikaners in die buiteland wat hulle Suid-Afrikaanse burgerskap verloor het omdat die SA bewind eensydig besluit het om dit te doen. Persone wat ’n ander land se

(Vervolg op bladsy 10)

S.A. inwoners per provinsie									
1996	Oos-Kaap	Vrystaat	Gauteng	KZN	LP	MP	NK	NW	Wes-Kaap
Blankes	5.4%	12.1%	22.0%	6.6%	2.8%	7.9%	11.2%	7.9%	21.4%
Indiërs/Asiate	0.3%	0.1%	2.1%	9.3%	0.1%	0.4%	0.2%	0.4%	1.1%
Kleurlinge	7.7%	3.0%	3.6%	1.4%	0.2%	0.7%	43.7%	1.6%	56.0%
Swartes	86.6%	84.8%	72.3%	82.8%	96.9%	91.0%	44.9%	90.1%	21.6%
2011	Oos-Kaap	Vrystaat	Gauteng	KZN	LP	MP	NK	NW	Wes-Kaap
Blankes	4.7%	8.7%	15.6%	4.2%	2.6%	7.5%	7.1%	7.3%	15.7%
Indiërs/Asiate	0.4%	0.4%	2.9%	7.4%	0.3%	0.7%	0.7%	0.6%	1.0%
Kleurlinge	8.3%	3.1%	3.5%	1.4%	0.3%	0.9%	40.3%	2.0%	48.8%
Swartes	86.3%	87.6%	77.4%	86.8%	96.7%	90.7%	50.4%	89.8%	32.9%





Apartheid

(Van bladsy 3)

Die feit dat die WVK — 'n skepping van die ANC regering — erken dat honderde mense deur ANC-lede vermoor of ernstig beseer is (natuurlik 'n blatante onderskatting van die werklike getalle), gee 'n aanduiding van die verregaande oordadige geweld wat plaasgevind het. Dit was die verklaarde beleid van die ANC om die land onregeerbaar te maak (*Mandela: 630*), en moord en doodslag was die manier om dit te bereik.

Gedurende Augustus 1990 het Mandela en die regering 'n ooreenkoms bereik (die "Pretoria Minuut") en volgens dié ooreenkoms het die ANC sy "opheffing van die gewapende stryd" aangekondig — maar dit was net nog 'n voorbeeld van ANC-misleiding, waarvan Mandela se dubbelpratery en spel met woorde 'n tipiese voorbeeld bied toe hy ná die tyd gesê het: "As I was to say over and over to our followers, although we had suspended armed action, we had not terminated the armed struggle" (*Mandela: 702*).

Hierdie soort dubbelpratery het nie alleen die saad vir aanvalle deur die gepeupel op die polisie tydens oproere gesaai nie; dit was ook die groen lig vir aanhoudende geweld teen die ANC se swart politieke opponente en veral teen die IVP. Laasgenoemde was die enigste organisasie wat in staat was om betekenisvolle weerstand te bied teen die ANC, wat sy magsbasis in alle swart gebiede deur middel van 'n genadelose proses van dood en intimidasie uitgebrei het. Pres. Sebe van die Ciskei en die leiers van Transkei en Venda, wat ten gunste van onafhanklikheid was, is die een na die ander deur 'n *coup d'état* uit die weg geruim (*Jonker: 110, 113, 120, 173*). Mandela het die regering se veiligheidsmagte (as 'n sogenaamde "derde mag") vir die ANC/Inkatha bloedvergieting geblameer, maar in die breë beskou was dit ver van die waarheid. Dít het reeds duidelik geword toe die ANC geweier het om Inkatha vir versoeningsgesprekke te ontmoet as dit nie op ANC-voorwaardes sou geskied nie. Die ANC het byvoorbeeld geweier dat samesprekings in Ulundi kon plaasvind, omdat dit die hoofstad van die Kwa-Zulu tuisland was. Toe Buthelezi in 1991 toegestem het om Mandela buite die tuisland te ontmoet, het hulle opeenvolgende ooreenkomste geteken om die bloedvergieting tussen hulle ondersteuners stop te sit. Hierdie ooreenkomste is egter so gou as wat hulle geteken is, verbreek en selfs Mandela het erken dat ook die ANC dit geskend het (*Mandela: 688-690, 708*). Sameswering om politieke opponente soos tuislandleiers te vermoor, en insypeling van Inkathabyeenkomste ten einde deur ondeurdagte skietery chaos te veroorsaak, was net sommige van die vuil aksies wat die manier waarop die ANC gefunksioneer het, getipeer het (*Hamann: 182-183*).

Die moorddadige optrede van ANC kaders sou in die jare ná hulle ontbanning voortduur tot met die Shell House-moorde net voor die 1994-verkiesing — dít in weerwil van al hulle ondernemings en verklarings. In Maart van daardie jaar het skutters van Shell House in Johannesburg (toe die hoofkwartier van die ANC) met vuurwapens op 'n Zoeloe-optog van die IVP losgebrand. Die doodslag het daardie dag elders in die Witwatersrand-gebied voortgeduur en bykans 'n honderd persone het die lewe gelaat. (Hierdie insident alleen het natuurlik méér sterftes as die "Sharpeville-massamoord" opgelewer). 'n Jaar later het Mandela erken dat hý die opdrag gegee het om te skiet (*Independent: 8 June 1995*). Soos gewoonlik het die ANC enige blaam ontken en beweer dat Shell House deur die Zoeloe-optog "bedreig" was. Die sittende regter van die regterlike kommissie van ondersoek (die Nugent Kommissie) het egter bevind dat die ANC se weergawe ongeloofwaardig was en dat die doodslag nie geregverdig was nie, maar in weerwil van die regterlike uitspraak het die ANC weer eens met nog 'n gruweldaad skotvry weggekom.

Selfmoord

(Van bladsy 9)

burgerskap aanvaar het, sonder om hulle SA burgerskap prys te gee, het tans oneindige moeite om dit terug te kry. Antwoorde soos: "Jy moet eers weer vir minstens twaalf maande permanent hier kom woon" of: "Jammer, ons sit met COVID en het nie tans personeel beskikbaar vir jou versoek nie" is algemene antwoorde. Volgens kundiges is dit die verbreking van internasionale reg om iemand se burgerskap summier te kanselleer, aangesien dit 'n persoon se geboortereg is. Al hoe meer persone begin tans om regsaksies as 'n opsie te oorweeg en moet dalk kragte saamgooi om met een groot saak teen die SA regering te begin.

Volgens regeringsdata het 636 000 blankes die land verlaat. As hierdie getal bygevoeg kan word by die bestaande blanke inwoners is blankes steeds meer in getal as Kleurlinge. Dit verhoog die blankes se getal tot 5 288 487 teenoor die Kleurlinge se 5 176 750.

Woord en wêreld

Wat ’n troos in die troostelose dag van vandag!



I Tes 5:18 Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus (Yeshua) oor julle.

Kry ons dit reg wanneer ons kreun onder die beproewing van die een of die ander aard? Deur die tye heen was daar altyd die argumente of geloof dan ‘n emosionele of redelike saak is. Kan daar twyfel wees dat waarmee ons hiér te doen het by uitstek rédelik is? Eers wanneer u en ek in gehoorsaamheid, met die rede ons tot die werklikheid gebring het, kom daar ’n dankbare emosie in die gemoed. Wanneer ek emosioneel worstel, maar met die rede myself herinner aan die Almag van ons hemelse Vader. Dat Hy belowe het om alles ten goede te laat meewerk vir hulle wat Hy lief het (Rom.8:28). As ek my bewustelik herinner dat Hy in beheer is van die aantal hare op my kop en die nietige mossie wat op die grond val; as ek my herinner aan die feit dat Petrus sê ons geloof moet getoets word en ons kyk na hoe die Apostels se geloof inderdaad getoets is, dan kom die troos!

Dr. Gideon Grobler

Hemelvader omvorm my asseblief! Laat my asseblief meer van U beeld toon aan ’n troostelose wêreld. Vader, hou my tog net styf vas in die proses dat ek U en die offer wat Christus vir my gebring het nie verloën in die proses nie!

AMEN

Moeg vir die stad en sy gejaag?

Breek weg vir ‘n naweek, middeweek of vakansie by

Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf info@hnp.org.za

Uitleg en tegniese versorging: Mev. Juanita Powroznik

Medewerkers: Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Gideon Grobler
Mev. Alet Murray

Politieke oorgawe aan die ANC

- Wat was die redes dat 'n suksesvolle en vooruitstrewende Suid-Afrika aan 'n onbevoegde en kommunistiese regime oorhandig is tot vernietiging van Suid-Afrika as Eerste Wêreldland?
- Kon dié vernietigende politieke proses gestuit word?
- Watter rol het die HNP in dié proses gespeel?

Dié politieke geskiedenis is nou in boekvorm en op video beskikbaar.
Hierdie waardevolle en insiggewende politieke geskiedenis van die laaste 50 jaar is van onskatbare waarde vir elkeen vandag en vir die nageslag.

Koop u album, video of geheuestokkie NOU

"Sy doodkry was (nog steeds) nie"

'n Stel van 8 DVD's (ook op 'n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor dié afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer.

Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige videomateriaal uit dié era.

R800 per stel van 8 DVD's (netjies verpak) of 'n geheuestokkie.

'n Politieke voëlvlug oor 50 jaar

- Hierdie gedenkalbum beslaan 388 A4-bladsye.
- Dit is op glanspapier gedruk met kleurfoto's.

R600 per boek.

R100 koerierkoste

Bestel by **info@hnp.org.za**